higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KANTOORDATAPROSESSERING
NKR VLAK 2

(3061022)

2 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye.

180Q1S2002

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
(bykomende 1/2 uur druktyd)
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel moet met 'n woordverwerkingsprogram op rekenaar beantwoord word. Die weergawe van die MS Office-pakket wat vir die eksamen gebruik word moet op die voorblad van die EKSAMEN-OMSLAG aangedui word.

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Om die vraestel te voltooi is dit belangrik dat kandidate by die TYDTOEWYSING hou wat vir elke vraag aangedui is.

6. Alle DRUKSTUKKE wat nagesien moet word moet in die EKSAMEN-OMSLAG geplaas word. Slegs die boonste DRUKSTUK per vraag/onderafdeling, wat net op EEN kant van die bladsy gedruk is, sal nagesien word.

7. DRUKSTUKKE moet GERANGSKIK en in dieselfde volgorde as in die vraestel in die EKSAMEN-OMSLAG geplaas word.

8. Verseker dat jou EKSAMENNOMMER en die VRAAGNOMMER op elke bladsy, volgens die instruksies wat by elke vraag gegee word (kopteks/voetteks), gedruk is.

9. DRUKSTUKKE met handgeskrewe EKSAMENNOMMERS sal slegs nagesien word indien dit met die toesighouer se handtekening bevestig is.

10. Let op die volgende oor die vraestel:

    10.1 Inlynstelling is links (*left align*), tensy anders aangedui word.

    10.2 Gebruik KANTRUIMTES (bo, onder, links en regs) van 1”/2.5 cm tensy anders aangedui word.

10.3 Gebruik ENKELPASIËRING indien geen ander reëlspasiëring aangedui is nie.

10.4 Gebruik COURIER NEW 12 vir die woordverwerkingsafdeling en ARIAL/CALIBRI 12 vir die sigbladafdeling, tensy anders aangedui word.

11. Tydens die bykomende druktyd mag kandidate slegs drukopdragte uitvoer. Geen verdere invoer of redigering mag gedoen word nie. Daar word aanbeveel dat bykomende toesighouers wat rekenaars ken tydens die bykomende 30 minute druktyd toesig hou om bykomende hulp en beheer te verskaf.

12. In die geval van 'n kragonderbreking, rekenaar- of drukkerweiering, moet die toesighouer die nodige reëlings tref dat die kandidate kan voortgaan, en die werklike tyd wat verlore gegaan het moet aan die kandidate toegeken word sodra hy/sy weer begin werk.

13. Alle werk op die rekenaar moet met gereelde tussenposes gestoor word om te verhoed dat enige werk in geval van 'n kragonderbreking verlore gaan. Geen bykomende tyd sal toegelaat word om verlore werk in te haal nie. Dit is die kandidate se verantwoordelikheid om hul antwoorde te beskerm deur werk gereeld te stoor.

14. Indien probleme met bepaalde drukkers ervaar word, byvoorbeeld dat dit nie die ê druk nie, moet 'n verslag saam met die sentrum se DRUKSTUKKE gestuur word.

15. Kandidate mag 'n gedrukte sjabloon, 'n woordeboek en 'n lys ASCII-kodes tydens die eksamen in hul besit hê. Woordverwerkingsjablone en die speltoetser mag gebruik word.

16. Aan die einde van die eksamen moet alle DRUKSTUKKE in die EKSAMEN-OMSLAG geplaas en aan die toesighouer oorhandig word. Dit sluit alle DRUKSTUKKE in met foute daarop, en wat nie nagesien moet word nie. Hoegenaamd geen DRUKSTUKKE mag uit die eksamenlokaal verwyder of in die snippermandjie gegooi word nie.

17. Aan die einde van die eksamensessie moet elke kandidaat die DRUKSTUKKE en die skyf (of ander bergingstoestel wat gebruik is) met die gestoorde antwoorde daarop, wat behoorlik met die kandiaat se EKSAMENNOMMER op die EKSAMEN-OMSLAG gemerk is, indien. Indien 'n netwerk gebruik word, moet die netwerkbestuurder, onder toesig van die toesighouer, 'n rugsteunkopie van al die kandidate se werk maak. (Hierdie skywe en/of rugsteunkopieë, byvoorbeeld CD's, moet vir veilige bewaring by die kollege se eksamenafdeling ingelewer word waar dit vir een jaar gestoor word ingeval die eksaminator/moderator/superindente van onderwys of Umalusi navrae daaroor mag rig.

18. Die rekenaar se hardeskyf (C-aandrywer) mag nie gebruik word om dokumente te stoor in gevalle waar ander groepe dieselfde lokaal tydens meer as een eksamensessie gebruik nie. Indien dieselfde lokaal vir verskillende groepe gebruik word moet die rekenaars se hardyskywe nagegaan en gewis word voordat die volgende groep met die eksamensessie begin.

Kopiereg voorbehou

19. Geen kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk nie, mag nie sy/haar skyf aan 'n ander kandidaat verskaf of tot ander kandidate se werk oor die netwerk toegang verkry nie. Enige poging om toegang tot enige inligting van 'n ander kandidaat te verkry of om inligting aan 'n ander kandidaat oor te dra, ongeag die manier waarop dit gedoen word, is 'n oortreding van die eksamenreëls en -regulasies en sal in 'n baie ernstige lig beskou word.

HOE OM 'N SKERMDRUK VAN 'N DIALOOGKASSIE TE MAAK:

20. Volg hierdie instruksies om die nodige dialoogkassie te kopieer by vrae waar die skermdrukfunksie gebruik moet word:

- Druk die skermdruksleutel (*Print Screen key*) in die boonste ry van die sleutelbord (regs van die F12-funksiesleutel). Lig jou hande van die sleutelbord af.
- Minimeer die skerm, maak die antwoordblad of skoon bladsy wat vir die antwoorde nodig is, oop.
- Plaas die loper (*cursor*) in die posisie waar die antwoord ingevoeg moet word.
- Druk CTRL + V op die sleutelbord of klik die plak-ikoon (*paste icon*) op die standaard nutsbalk (*toolbar*).

Die skermdruk of beeld sal by die loperposisie verskyn.

21. **AKKURAATHEIDTOETS MET TYDBEPERKING: (VRAAG 1)**

21.1 Kandidate moet ten minste DRIE minute gegun word om die toets voor die begin van die eksamen deur te lees.

21.2 Alle kandidate moet met die akkuraatheidstoets met tydbeperking begin. Geen kandidaat word toegelaat om tydens die eerste 10 minute met enige ander vraag te begin nie.

21.3 Die toesighouer moet 'n stophorlosie gebruik om die presiese tyd vir die toets te hou.

21.4 VRAAG 1 mag slegs EEN keer voltooi word en moet onmiddellik na afloop van die eerste 10 minute gedruk word. Elke DRUKSTUK moet direk ná die laaste getikte woord deur die toesighouer onderteken word. Die DRUKSTUK moet deur die toesighouer gehou word en aan die einde van die eksamen, in die kandidaat se teenwoordigheid, in die kandidaat se EKSAMEN-OMSLAG geplaas word.

21.5 'n Kandidaat wat laat aankom (d.i. tydens of na die eerste 10 minute) sal NIE enige bykomende tyd vir die akkuraatheidstoets gegun word nie. Die kandidaat moet onmiddellik begin en dieselfde tyd as die ander kandidate stop, of, indien die tien minute reeds verloop het, sal hy/sy die toets prysgee.

Kopiereg voorbehou

TYD:	**3 uur**
BYKOMEND:	**½ uur (druktyd)**
PUNTE:	**300**

DATAPROSESSERING		**TOEGELATE TYD**	**PUNT**
VRAAG 1	AKKURAATHEIDTOETS MET TYDBEPERKING	**10 min**	**20**
VRAAG 2	REKENAARBEGRIPPE EN LÊERBESTUUR	**15 min**	**30**
VRAAG 3	PARAGRAWE	**20 min**	**40**
VRAAG 4	AMPTELIKE BRIEF	**40 min**	**60**
VRAAG 5	AANSOEKBRIEF	**25 min**	**50**
VRAAG 6	PARAGRAWE	**20 min**	**30**
VRAAG 7	SIGBLAD	**50 min**	**70**
TOTAAL		**3 UUR** (30 minute ekstra vir drukwerk)	**300**

Die onderstaande is slegs vir AGTERGRONDINLIGTING. Hierdie inligting moet NIE as deel van die eksamen getik word nie.

SEKSUALITEIT

Hierdie wiel wys wat die begrip "seksualiteit" behels. Hierdie faktore beïnvloed ons unieke persoonlike uitlewing van seksualiteit, wat meer as geslagsgemeenskap behels.



Jy is 'n administrasieklerk by 'n sentrum vir positiewe seksualiteit en is verantwoordelik vir alle dokumentasie wat vir funksies of uitreikprogramme gebruik word.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

INLIGTING: Die projekbestuurder het versoek dat jy die volgende inligting tik.

DOKUMENT:	Akkuraatheidtoets met tydbeperking Sleutel slegs EEN KEER in	**LETTERTIPE:**	Courier New 12
		KANTRUIMTES:	
		Links:	1”/2.54 cm
REËLSPASIËRING:	1.5 of 2	Regs:	1”/2.54 cm
PAPIER:	A4-regopvorm	**INLYNSTELLING:**	Links/Af
TYDTOEKENNING:	10 minute		
PUNTE:	20		

INSTRUKSIES:

1. Alle kandidate moet die akkuraatheidstoets met tydbeperking voltooi.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER en die VRAAGNOMMER as kopteks (*header*) soos volg teen die linkerkantlyn in:

   EKSAMENNOMMER
   VRAAG 1

3. Die minimum spoedvereiste is 25 woorde per minuut.

4. Die toets duur 10 minute. Wag vir die toesighouer se opdrag om te begin, en stop onmiddellik op sy/haar bevel.

5. Druk VRAAG 1 in opdrag van die toesighouer. Die toesighouer sal slegs die eerste DRUKSTUK van VRAAG 1 aanvaar.

6. Stoor die dokument as VRAAG 1.

7. Druk die dokument.

Kopiereg voorbehou

Menslike seksualiteit is die manier waarop mense hulself seksueel ervaar en uitdruk. Dit behels biologiese, erotiese, fisiese, emosionele, sosiale, of spirituele gevoelens en gedrag. Omdat dit 'n omvattende term is, wat met verloop van tyd verander, bestaan 'n presiese definisie nie. Die biologiese en fisiese aspekte van seksualiteit gaan hoofsaaklik oor die menslike voortplantingsfunksie, wat menslike seksuele response insluit. 'n Persoon se seksuele gerigtheid kan daardie persoon se seksuele belangstelling en aantrekking vir ander beïnvloed. Fisiese en emosionele aspekte van seksualiteit sluit bande tussen individue in wat uitgedruk word deur diepsinnig gevoelens of fisiese vertoon van liefde, vertroue en omgee. Sosiale aspekte gaan oor die uitwerking wat die samelewing op iemand se seksualiteit het, terwyl spiritualiteit oor 'n individu se spirituele konneksie met ander gaan. Seksualiteit beïnvloed en word beïnvloed deur kulturele, politieke, wetlike, filosofiese, morele, etiese, en religieuse aspekte van die lewe.

Belangstelling in seksuele aktiwiteit neem toe wanneer 'n individu puberteit bereik. Menings oor die ontstaan van 'n individu se seksuele gerigtheid en seksuele gedrag verskil. Sommige mense meen dat seksualiteit deur genetika be|paal word, **25 wpm** terwyl ander glo dat dit deur die omgewing gevorm word, of dat albei hierdie faktore in wisselwerking is om die individu se seksuele gerigtheid te bepaal. Dit slaan op die aard-opvoeding-debat. In die eersgenoemde word aanvaar dat 'n per|soon se **30 wpm** kenmerke met hul natuurlike oorerwing ooreenstem, en deur dryfkragte en instikte uitgedruk word; laasgeneomde verwys na die aanname dat 'n persoon se kenmerke deur hul ontwikkeling en opvoeding verander, en deur ego-ideale en formatiewe identifisering uitgedruk word.

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

1. Roep die dokument op wat as VRAAG 2 in die KANDIDAATLÊERS-vouer gestoor is.

2. Tik jou EKSAMENNOMMER en die VRAAGNOMMER as kopteks teen die linkerkantlyn in, soos in die instruksies aangedui word. (1)

3. Stoor en druk die antwoordblad nadat die antwoorde voltooi is. (1)

2.1 Gee VYF algemene tekens wat aandui dat 'n rekenaar met 'n virus geïnfekteer is. (5)

2.2 Verander die nommerformaat (*number format*) van die rekenaar deur die streekverstellings (*regional settings*) te gebruik. Skep 'n skermdrukbeeld (*screen print image*) van die toepaslike dialoogkassie en plak dit op die korrekte plek. (6)

2.3 Definieer *ergonomie*. (2)

2.4 Skep die boomstruktuur soos hier onder aangedui op die aandrywer waarin jy jou antwoorde stoor en maak 'n skermdrukbeeld daarvan. (9)



2.4.1 Gebruik die SEKSUELE DIVERSITEIT-vouer en volg die instruksies hier onder. (1)

2.4.2 Skep 'n tekslêer, IDENTITEIT, en 'n PowerPoint-lêer, TIPES, in die SEKSUELE DIVERSITEIT-vouer.

Maak 'n skermdrukbeeld van die inhoud van die SEKSUELE DIVERSITEIT-vouer in die ruimte wat in die antwoordblad verskaf word. (5)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: PARAGRAWE

INSTRUKSIES: Skep 'n brosjure deur jou woordverwerkingsvaardighede te gebruik.

DOKUMENT:	Paragrawe	**LETTERTIPE:**	Courier New 12
REËLSPASIËRING:	Enkel	**KANTRUIMTES:**	
		Links:	1”/2.54 cm
PAPIER:	A4-regopvorm	Regs:	1”/2.54 cm
TYDTOEKENNING:	20 minute	**INLYNSTELLING:**	Links/Af
PUNTE:	40		

1. Voeg jou EKSAMENNOMMER en die VRAAGNOMMER as kopteks teen die linkerkantlyn in, soos in die instruksies aangedui word.

2. Stoor die dokument as VRAAG 3.

3. Druk die dokument.

Positiewe seksualiteit **/bk/vet/sentreer/16 pt**

╪

Die gebruik van 'n seks-positiewe tot seksonderrig kan die jeug help om persoonlike waardes, selfrespek, 'n gemaklike kommunikasiestyl, & verantwoordelike besluitnemingsvaardighede te ontwikkel. [Positiewe seksualiteit, soos dit hier bedoel word, is 'n opvoedkundige benadering en 'n doelwit belangrike vir adolessente se gesondheid.

/ benadering

/voluit

/kursief

/trs

╪

Die onderrig van positiewe seksualiteit aan die jeug begin met waardes, eerlike kommunikasie & opregte, feitelike inligting. Positiewe seksualiteit sluit die volgende in: [1.╫begrip van seksualiteit as 'n natuurlike & gesonde **aspek**

~~faktor~~ van mense se lewens; [3.╫respekvolle kommunikasie & deel van persoonlike gedagtes en gevoelens tussen maats; en [2. kennis van menslike seksualiteit en voortplantingsregte waarvolgens verantwoordelike besluite geneem word; [4. beoefening van veilige & ooreengekome seks.

/voluit /kursief/NP

l.o.

/stet /NP /voluit /NP

/NP

/voluit /verander nommers na enige kol (*bullet*)

[40]

VRAAG 4: AMPTELIKE BRIEF

Skep die volgende dokument:

DOKUMENT:	Amptelike brief	**LETTERTIPE:**	Courier New 12
REËLSPASIËRING:	Enkel	**KANTRUIMTES:**	
		Links:	1.5”/3.81 cm
PAPIER:	A4-regopvorm	Regs:	0.98”/2.5 cm
TYDTOEKENNING:	40 minute	**INLYNSTELLING:**	Links/Af
PUNTE:	60		

1. Roep die briefhoof, VRAAG 4, uit die KANDIDAATLÊERS-vouer op.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER en die VRAAGNOMMER soos hier onder as voetteks (*footer*) teen die linkerkantlyn in:

   EKSAMENNOMMER
   VRAAG 4

3. Stoor die dokument as VRAAG 4.

4. Druk die dokument as EEN A4-bladsy.

Voeg vandag se datum in dalende volgorde teen die regterkantlyn in.

Aan/ [alle opvoeders /: /bk

Wat opvoeders kan doen om seksopvoeding te bevorder /bk

die bevordering van omvattende seksopvoeding stel adolesente /bk/sp
in staat om kennis op te doen & besluite beter te neem wat /voluit /trs
hul lewens beïnvloed.

/loop oor
Daar is baie maniere waarop opvoeders, wat ons positiewe /bk
seksualiteit noem, kan bevorder. Hier onder volg 'n paar /bk /ondstr
wenke vir opvoeders: /ondstr

2. Verskaf opregte en feitelike inligting. [2.1 Verkeerde /vet/NP
~~inligting~~ oor sekere seksuele gedrag behoort reggestel te word. /stet

1. ‖Help om 'n veilige omgewing vir tieners te skep om te leer en kennis te deel. [1.1‖n Veilige en gemaklike omgewing is vir die jeug en volwassenes belangrik vir / gesprek oor seks. /vet /die
‡
4. Erken en bevestig tieners / seksuele regte, wat die volgende insluit: /se
‡
4.1 / die reg op korrekte inl. oor seksualiteit en MIV/VIGS; /voluit
4.2 / die reg om jou seksualiteit nie uit te leef nie, tensy jy so verkies;
4.4 Die reg om nie onder druk geplaas te word om fisies of seksueel op te tree nie; en s/s
4.3 ~~Die reg om nee te sê vir enige ongewenste aanraking;~~
4.5 Die reg om op enige punt op te hou om met 'n maat fisies of seksueel te verkeer.
‡
3. Bepaal jou eie waardes. [3.1 Ons het almal ons eie waardes wat ons tot/ werk wat ons doen bydra. Sommige van ons waardes moet ons eerder vir onsself hou wanneer ons met tieners gesels. /vet /bk /NP /die
‡
Ons seksualiteit behels daarom meer as wat ons seksueel met iemand anders doen; dit is 'n natuurlike en belangrike deel van wie ons is. /kurs Sentreer 10 pt
Kandidaat, rangskik die paragrawe in die korrekte volgorde.
‡
‡
direkteur /bk

[60]

VRAAG 5: AANSOEKBRIEF

INLIGTING: Jy moet een van die personeellede help om haar aansoekbrief op te stel.

DOKUMENT:	Aansoekbrief	**LETTERTIPE:**	Courier New 12
REËLSPASIËRING:	Enkel	**KANTRUIMTES:**	
		Links:	1”/2.54 cm
PAPIER:	A4-regopvorm	Regs:	1”/2.54 cm
TYDTOEKENNING:	25 minute	**INLYNSTELLING:**	Links/Af
PUNTE:	50		

1. Voeg jou EKSAMENNOMMER en die VRAAGNOMMER as kopteks teen die linkerkantlyn in soos in die instruksies aangedui word.
2. Stoor die dokument as VRAAG 5.
3. Druk die dokument.

Sender: K Mohammed, Posbus 555, Pretoria, 0007
Ontvanger: / MH-bestuurder, Westbrookweg 55, Strathavon, Sandton, 2031
Inhoudopskrif: Aansoek: hoofopvoeder

bk
/Die
Vertoon korrek
/bk

╪

Geagte Mevrou

╪

Ek doen hiermee aansoek om / volgende vakature by / maatskappy wat op Maan dag 12 November 2018 intern geadverteer is. [Ek werk al vir meer as vyf en twintig jaar en was vir ongeveer 18 jaar aktief by die breër gemeenskap betrokke. Ek beskou myself as 'n verligte vrou en gender of geslagskeuse bepaal nie saam met wie ek werk nie. [Ek het al oor die hele land en in die Verenigde Koninkryk aanbiedings oor alternatiewe lewenstyle aangebied.

/NP /syfers

/kursief

loop aan

Ek was ook bevoorreg om as paneellid na ~~verskillende~~ verskeie paneelbesprekings by kolleges, universiteite en organisasies genooi te word en beskou hierdie as geleenthede om nie net op te voer & mites en wanopvattings op te klaar nie, maar om iets aan die gemeenskap wat ek liefhet, terug te gee. Dit lyk asof opvoeding die dominante tema in my lewe is.

/stet

voluit

╪

Ek is 'n hardwerkende en toegewyde persoon wat met mense werk en daaraan glo om korrekte inligting oor te dra.

graag

╪

My CV is hierby aangeheg. Dankie dat u my aansoek oorweeg.

voluit

╪

Die uwe



Sluit die brief op die regte manier af

[50]

VRAAG 6: PARAGRAWE

INLIGTING: Redigeer die dokument hier onder.

1. Roep die dokument op wat as VRAAG 6 gestoor is.
2. Voeg jou EKSAMENNOMMER en die VRAAGNOMMER soos volg as voetteks teen die regterkantlyn in.
3. Redigeer die inhoud van die dokument soos hier onder aangedui.
4. Verander die lettertipe na Courier New 12 pt.
5. Verander die linker- en regterkantruimtes van die dokument na 1.25 cm/0.5".
6. Voeg bladsynommers regs bo op elke bladsy in.
7. Sluit 'n 3 pt-bladsyraam in.
8. Voeg die volgende kopteks linksgerig in bokas en kursief in: "ONS GROEI DEUR ANDER TE PRYS"
9. Stoor die dokument as **VRAAG 6**.
10. Druk die dokument.

Positiewe Seksualiteit **/bk/vet/sentreer**

‡

positiewe seksualiteit behels meer ~~meer~~ as geboortebeperking en toetsing vir infeksies. **/bk /wis**

Mense wat positiewe seksualiteit ervaar en beoefen: **[**Waardeer en respekteer hul seksualiteit en dié van ander **/opskrifstyl 2**

‡

- waardeer hul eie en hul seksmaats se liggame (indien hulle kies om met ander seks te hê) **lys inkeep x1**
- geniet seksuele gevoelens sonder om noodwendig op die gevoelens te reageer
- strewe daarna om die komplixiteit van seksuele- en gender-identiteite, gerigtheid en uitdrukking te verstaan **/sp**
- identifiseer en verstaan hul eie waardes na mate dit ontwikkel
- besluit watter waardes hulle pas, en gebruik hierdie waardes in hul optrede
- anvaar mense met verskillende identiteite, waardes en ervarings **/sp**
- verstaan die invloed van kultuur, maatskaplike en mediaboodskappe op gedagtes, gevoelens, waardes en gedrag wat met seksualiteit verband hou
- respekteer mense se reg om by 'n verskydenheid veilige, ooreengekome, nie-uitbuitende en genotvolle seksuele ervarings betrokke te raak en dit te geniet **/sp**

‡

Kommunikeer doeltreffend in verhoudings /opskrifstyl 2

- tree gepas en respek met teenoor ander op /trs
- werk saam vir gelykheid in verhoudings
- komunikeer deurlopend met seksmaats oor seksuele aktiwiteit /sp
- onderhandel grense
- bespreek fisiese en emosionele gevolge (positief en negatief) van seksuele aktiwiteit, veilige seks, voorbehoeding (indien verlang en/of toepaslik), en sinvolheid in die verhouding(s)
- beoefen en handhaaf bewuste en betekenisvolle instemming in alle gedeelde seksuele aktiwiteit
- kan kies om nie seks te hê nie en te weet dat dié keuse gerespekteer word
- is in staat om grense en die weiering van seks te aanvaar

bladsyoorgang

Leer oor seksuele gesondheid /opskrifstyl 2

- verstaan die voordele en risiko's wat seksuele aktiwiteit behels
- vra vrae oor seksuele aangeleenthede
- verkry meer inligting oor seksualiteit soos dit nodig word
- is bewus van bronne oor seksuele gesondheid in hul gemeenskappe (soos ons ISHS-klinieke en programme!)

1.5 reëlspasiëring

Aanvaar verantwoordelikheid vir veilige seks en gesondheid /opskrifstyl 2

- aanvaar verantwoordelikheid vir hul eie gedrag en optrede
- aanvaar verantwoordelikheid vir hul eie liggame en ervarings
- komunikeer doeltreffend met familie, vriende en gesondheidswerkers /sp
- beoefen gedrag wat gesondheid bevorder, soos:
- gereelde ondersoeke, ~~erkenning~~
- borste en/of testes ~~bewustheid~~ /stet
- indien hulle met ander seks het: d/s
- beoefen veilige seks om die oordrag en/of opdoen van 'n seksueel oordraagbare infeksie te beperk
- neem stappe om onbedoelde swangerskappe (indien toepaslik) te voorkom
- toetsing vir seksueel oordraagbare infeksies

[30]

VRAAG 7A

Skep hierdie sigblad in MS Excel met Arial of Calibri 12 pt.

7.1 Voeg 'n linksgerigte kopteks in soos hier onder aangedui:

EKSAMENNOMMER
VRAAG 7A

7.2 Sleutel die sigblad in presies soos hier onder aangedui. Moenie ry- en kolomopskrifte tik nie.

7.3 Vertoon die getalle as heelgetalle.

7.4 Verstel die kolomwydtes sodat die inhoud van elke kolom inpas. Jy sal gepenaliseer word indien die kolomme te groot is.

7.5 Gebruik die metode waarmee jy vertroud is om die rame (*borders*) te trek.

7.6 Druk die sigblad in A4-regopvorm en stoor as dit as **VRAAG 7A**.

Kopiereg voorbehou

	A	B	C	D	E
1	TENDENSE - AANMELDBARE SOIs				
2	2015 - 2018				
3	SOI	2016	2017	2018	TOTAAL
4	Chlamydia	3837	4400	5267	
5	Gonorree	369	463	440	
6	Sifilis	38	22	18	
7	Trigomoniase	45	22	65	
8	Herpes	55	48	66	
9					
10	TOTAAL				
11					
12	VERSKIL TUSSEN 2015 EN 2018				

(30)

VRAAG 7B

7.7 Roep die sigblad op wat as VRAAG 7A gestoor is. Verander die VRAAGNOMMER in die kopteks na VRAAG 7B. (1)

7.8 Redigeer die sigblad soos hier onder en in die illustrasie op die volgende bladsy aangedui.

7.8.1 Voeg saam (*merge*) en sentreer die opskrif in ry 1 oor kolomme A tot E. (2)

7.8.2 Verander die opskrif in ry 1 na 16 pt, vetdruk en kursief. (3)

7.8.3 Voeg 'n oop ry ná ry 1 en 2 in. (2)

7.8.4 Voeg 'n nuwe kolom tussen kolomme A en B in soos aangedui. (6)

7.8.5 Verander die kolomopskrifte na vetdruk en sentreer. (2)

7.8.6 Voeg twee oop rye bokant Herpes in en sleutel die inligting in soos op die volgende bladsy aangedui word. (6)

7.8.7 Voeg die teks in ry 18 in. (4)

7.8.8 Gebruik formules om die volgende te bereken:

A – TOTAAL = som van elke SOI (2)

B – TOTAL = som van elke jaar (2)

C – VERSKIL TUSSEN 2015 EN 2018 = Totaal 2018 – Totaal 2015. (2)

D – % VAN TOTAAL 2015 EN 2018 = Totaal 2015 gedeel deur Totaal 2018 (2)

7.8.9 Kopieer die formules soos aangedui. (2)

7.8.10 Verstel die kolomwydtes sodat die inhoud van elke kolom inpas.

7.8.11 Vertoon getalle as heelgetalle en die % van totaal 2015 en 2018 as % sonder enige desimale. (2)

7.8.12 Druk en stoor die sigblad as **VRAAG 7B**. (2)

Kopiereg voorbehou

TENDENSE - AANMELDBARE SOIs **voeg saam en sentreer 16 pt/vet/kursief**

oop ry

2015 – 2018

oop ry **voeg kolom in** **kolomopskrifte – vetdruk en sentreer**

SOI	2015	2016	2017	2018	TOTAAL
Chlamydia	2555	3837	4400	5267	**A**
Gonorree	265	369	463	440	
Sifilis	22	38	22	18	
Trigomoniase	36	45	22	65	
Bekken-inflammatoriese siekte **voeg in**	55	**85**	**65**	**75**	
Skaamluis **voeg in**	35	**60**	**55**	**90**	
Herpes	20	55	48	66	

TOTAAL **B** →

VERSKIL TUSSEN 2015 EN 1028 **C**

% VAN TOTAAL 2015 EN 2018 **voeg in** **D**

(40)

[70]

GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou